KENNUUS

TEL: 011 955 1074 / 1081 FAKS: 011 955 1075
Posbus 3100 Kenmare 1745
Webwerf: www.laerskoolkenmare.co.za

JAARGANG 6 NUUSBRIEF 8 (1ste) 3 MAART 2011

DIE HOOF SE POTLOOD!

Mnr Cobus het Maandag en Dinsdag tydens saalopening met ons kinders 'n pragtige les gedeel oor die waterbottel met skoon of met besoedelde water en dit deurgetrek na ons woorde toe. [Vra asb u kind om dit met u te deel]. Dit pas sommer pragtig aan by "verbale boeliery" – iets wat ongelukkig ook deel van ons skool is. Dit is beslis iets wat ons ook moet aanspreek.
Graag versoek ons u om bietjie tuis ook met u kinders oor die volgende te gesels – ons gaan by die skool ook ernstig met ons kinders hieroor praat

v *LEWE EN DOOD IS IN DIE MAG VAN DIE TONG*

- Spreek jy lewe oor ander met jou woorde of dood?
- "Mooi so Jan, jy is 'n kampioen!" [Lewe]
- " Jy is onnosel, loser " [Dood]
- Laat jou maats jou vertel of jy lewe of dood spreek.

KOM ONS BY KENMARE, SPREEK LEWE OOR MEKAAR

v VUIL TAAL MAG DAAR NIE BY JOU MOND UITKOM NIE

- Hoe gereeld, en waar, hoor jy vloekwoorde?
- Hoe gereeld, en wanneer, vloek jy?
- Gebruik jou maats vuil taal? Is dit aanvaarbaar?
- Vloek jy ander kinders?

KOM ONS BY KENMARE, GEBRUIK GEEN VUIL TAAL NIE

.

v SKINDER IS UIT

- Hoe gereeld hoor jy ander mense skinderstories versprei?
- Skinder jy saam?
- Wat doen jy wanneer jy iemand hoor skinder?

KOM ONS VERSPREI GEEN SKINDERSTORIES NIE – KOM ONS BY KENMARE, VERTEL NET VAN AL DIE MOOI WAT IEMAND DOEN.

v VAN ELKE WOORD SAL ONS REKENSKAP GEE

- Dink jy voor jy praat?
- Kies jy jou woorde versigtig?
- Kan jy eerder stilbly wanneer jy moet?

KOM ONS BY KENMARE, BLY EERDERS STIL AS OM IETS VERKEERDS TE Sê.

Dankie aan al die kinders wat praat oor boelies. Dankie vir elke ouer en personeellid wat ons kinders ondersteun. Ons beweeg nou in die fase in waar ons gesprek sal voer met ouers van kinders wat moontlik by boeliery betrokke kan wees. Die doel van hierdie gesprekke is ondersteunend en rigtinggewend van aard en ons is positief dat dit die gewenste uitwerking sal hê.

3 Maart	*Donderdag*	*Geen Buitemuurse Aktiwiteite* *GF: Vergadering* *Rugbyoefening 0/7 – 0/9* *Mini-Netbaloef. 0/7 – 0/9*
4 Maart	*Vrydag*	*Toets: AFRIKAANS (Gr 4 – 7)* *Wêreldbiddag vir kinders (2 sessies)* *Netbal: KHS Bond Choice Netbal Toernooi (0/11, 0/12 & 0/13 A & B)* *Atletiek: Gauteng Kampioenskappe te Germiston* *Knikkiekoor (08:00-08:30)*
5 Maart	*Saterdag*	*Netbal: KHS Bond Choice Netbal Toernooi (0/11, 0/12, 0/13 A & B)* *Atletiek: Gauteng Kampioenskappe te Germiston*
6 Maart	*Sondag*	
7 Maart	*Maandag*	*KFC "ROADSHOW" GF 11:00 – 11:40 ; SF 12:00 – 12:40* *Rugby- & Netbaloefening* *Tennis: Jnr (14:00-15:00) Snr (15:00-16:00)*
8 Maart	*Dinsdag*	*Rugby- & Netbaloefening* *0/12 Area - Netbalproewe*
9 Maart	*Woensdag*	*Koor: (Jnr Oefening 07:30 – 08:30)* *Geen Buitemuurse aktiwiteite* *Skool Bestuur Kongres (Mnr Kallie)*

ONDERRIGGELDE

Met hierdie skrywe wil ons baie, baie dankie sê aan ons staatmaker-ouers, wat die skoolgelde so getrou betaal. U maak dit vir ons moontlik om ons vele verpligtinge na te kom. Nogmaals dankie.

Daar is egter enkele ouers wat nog nie betaal het nie, ons vra u samewerking in die verband. Kontak so spoedig moontlik mev. Magda Senekal by die kantoor indien u probleme ondervind met die betaling.

In terme van Afdeling 39 van die SASA is ouers aanspreeklik om verpligte skoolgelde te betaal. Net weer die bankbesonderhede:

ABSA – KRUGERSDORP; TJEKREK.NO. 01099240152;
TAKKODE: 632 005; Naam: LAERSKOOL KENMARE,
meld asseblief die verwysingsnommer: (bv 3CRON04)

TENNIS

Tennis is 'n sport wat nie seisoengebonde is nie, en daarom oefen ons alreeds vanaf die eerste kwartaal om ons spanne reg te kry vir die derde kwartaal, wanneer ons liga speel. Enige leerder wat al tennis kan speel, is welkom om saam te kom oefen, dit maak nie saak waar jy afrigting kry nie. Die juniors in Graad 1 tot 5, oefen Maandae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00, die seniors in Graad 6 en 7, oefen vanaf 15:00 tot 16:00. Hierdie oefening is op die klub se bane, op die hoek van Waterford- en Clewstraat.

PERSONALIA

Verjaarsdag:

Baie geluk aan Juf. Lelani Swart (6/3) en Tannie Ronèl Rabe (8/3) met hul verjaarsdae.

Kursusse bygewoon by Distrik:

Gr 1 – 3 :
Me Inge Nieuwoudt

Media opleiding :
Me Jana Joubert

Daklekke, herstelwerk en onderhoud

Kontak vir Frik
082 897 7286

EXCLUSIVE LOODGIETERS
PERSOONLIK BETROKKE BY:
NUWE INSTALLASIES
GEYSERS
VERSTOPTE DREINE
GEBARSTE PYPE

SKAKEL JAN
083 626 6390

PLUMBING

Tina Cowley
Reading Centre - Leessentrum

Ons kan spog met 'n 8% tot so hoog as 40% verbetering in ons studente se gemiddeld, deur die inskerping van die Gereedskap van die lewe...Lees

Verseker u kind se optimale ontwikkeling en skryf vandag in by ons Leessentrum in Helderkruin
Ons doen 'n wetenskaplike toets van die leerder se lees, daarom weet ons presies hoe om die probleem aan te spreek.

Wilma 072 913 0785 **Nelia 072 648 7066**

Toyota Xtra Cab Is Hier!

U uitnodiging om te toets bestuur!

Sanet Snyman
Monument Toyota West Rand
011-2793720 / 0823321551
Fax 0866 871 576 ssnyman@um.co.za

TOYOTA

NETBAL BEPALINGS 2011

4 & 5 Maart 2011	Bond Choice (0/11-13)	(KHS)
8 Maart 2011	***Area Proewe: 0/12's***	***Protearif***
10 Maart 2011	***Area Proewe: 0/13's***	***Protearif***
10 Maart 2011	Laerskool Emfuleni (Rugby & Netbal)	(TUIS)
15 Maart 2011	Laerskool Constantia Park	(WEG)
15 Maart 2011	***Finale Proewe***	***Randfontein Primary***



24 – 26 Maart 2011 Netbalkamp: 0/10 – 0/13 A & B KONKA Kampe

11 April 2011	Laerskool Florida	(WEG)
14 April 2011	Bryanston Parralel	(TUIS)
16 April 2011	***GSS Proewe 0/12 & 13 Randburg)***	***(Hoërskool Randburg)***
3 Mei 2011	Laerskool Fairland	(TUIS)
5 Mei 2011	Laerskool Helderkruin & Vastrap	(TUIS) asook (RUGBY)
10 Mei 2011	Laerskool Genl Christiaan de Wet	(TUIS)
12 Mei 2011	Laerskool Roodekrans	(WEG)
17 Mei 2011	Laerskool Dr Havinga	(TUIS)
19 Mei 2011	Laerskool Fontainebleau	(WEG)
24 Mei 2011	Laerskool Louw Geldenhuys	(TUIS)
26 Mei 2011	Laerskool Rooihuiskraal	(TUIS) asook (RUGBY)

RUGBY DATUMS 2011

10 Maart	*Rugby & Netbal vs Emfuleni*
12 Maart	*Hoërskool Die Burger*
15 Maart	*Rugby & Netbal Constantiapark (Weg)*
20 – 22 Maart	*0/9A, 0/9B & 0/10A KONKA*
27 – 31 Maart	*0/11 & 1e – span Grey Kollege*

Heerlike Karoo-olywe te koop!
Groot- & Kleinmaat

Kontak:
Retha 082 566 2276
Kobus 082 806 7861



MySchool Travel
FlightSite Club Travel
The easy new way to raise funds for your school when you book flights, accommodation, car hire or travel packages.

MySchoolTravel.co.za is an all-in-one travel website. Search for the best deals on flights across all carriers, accommodation, car hire and holiday packages. Business or leisure. Book online and a percentage is donated back to your school.

Book now: www.MySchoolTravel.co.za or 087 351 5248

ATLETIEK TE LIE

Baie geluk en dankie aan ons pragtige Kennie-kampioene wat so hard gesweet het tydens die afgelope atletiekbyeenkomste. Ons is nou in die finale pylvak en dan is nog ‘n atletiekseisoen verby!

Die volgende atlete dring deur na die Gauteng-Atletiek-Kampioenskappe te Germiston: Ons wens hulle baie sterkte toe – onthou ons hou julle dop!

OUDERDOMSGROEP	NAAM	ITEM
SEUNS		
0/11	Marcelle Stapelberg	70m H
0/11	Rudi Brink	Gewigstoot
0/12	Ryan van Niekerk	150m H
DOGTERS		
0/10	Adeline Cronje	Verspring
0/11	Jana Swart	Hoogspring
0/12	Bianca Botha	150m
0/12	Shamonè Alblas	75m H
0/13	Marnè Kriedemann	Hoogspring, 200m H, 80m H

DANCO DE VILLIERS

TENNIS COACHING

The game you will fall in love with

- **From 4 years and up, even for adults**
- **For the more serious player.**
- **Or just for the social player.**
- **Coaching will be done in a fun and safe environment.**
- **Coaching will be done in Kenmare.**

For more information you can call me on:
082 825 0565 ***dancodevilliers@gmail.com***



WORD GESOEK!

Op soek na vervoer/saamry-geleentheid vir ‘n leerder van Laerskool Kenmare vanaf 16 Sederbergstraat in Noordheuwel (+/- 2km) slegs in die oggende - moet ‘n Kennie-ouer wees met kinders in Kenmare en sal vervoerkoste deel.
Kontak asb vir Magda Cracknell op 082 459 5809 indien u kan help.

LAERSKOOL KENMARE SE GHOLFDAG
20 MEI 201

Ons gholfdag vind plaas Vrydag, 20 Mei 2011 op Krugersdorpse Gholfbaan.
Ons nooi ons ouers uit om deel te neem. Kostes soos volg:
'n Vierbal R1200.00
Die borg van 'n "nat"-gat R3000.00 (Sluit 'n vierbal in)
Die borg van 'n "droë"-gat R1000.00 (Geen vierbal)

Kom geniet die dag saam met ons!
Kontak vir Juliet by die kantoor.



NOG STEEDS BANG VIR GR 4

Op spesiale versoek vir die ouers wat die kursus van Gr 3 na Gr 4 gemis het en dit graag sou wou bywoon kontak Dr Arina Lanser 083 266 9575 of e-pos by alanser@mweb.co.za

Divan en Chantel Bester (Gr 4) het aan die Midmarmyl deelgeneem waar Divan 'n 2de plek, in sy ouder-domgroep, behaal het en sy sussie Chantel 'n 10de plek. Hulle het ook die afgelope naweek aan die CGA Kampioenskappe in Germiston deelgeneem waar Divan 4 Brons en 2 Silwer medaljes gewen het. Baie geluk – julle is Kennie swem-sterre!

64 + 5 = 69 32 + 7 = 39 22 + 8 = 30

Op 1 Maart het twintig gr 7 leerders deelgeneem aan die "World Maths Day". 18 lande is betrokke by diè dag en die leerders se hoofrekene , spoed en akkuraatheid word goed getoets! Uitslae sal in volgende week se Kennuus bekend gemaak word. Ons sien uit na die "World Spellihg Day" wat op 3 Maart plaasvind.

Mooi so Kennies!

Liewe Ouers,

Ons (NG Kerk Krugersdorp-Oos) gaan Vrydag, met die hele skool, Gr. 1-7, hierdie gebedswiel prakties doen. Dit val saam met die wêreldbiddae vir vrouens en mans wat hierdie jaar wêreldwyd op 4 en 5 Maart gevier word. Ons het besluit om op die klein, maar belangrikste, "vrouens en mans" van ons omgewing (ons kinders) te fokus. Die knikkies doen ook hierdie week dieselfde gebedswiel en leer om dit

prakties te bid. Ons wil vra dat julle as ouers saam met julle kinders hierdie wiel sal gebruik om julle gebedslewe te verbeter en saam as gesin te bid. Moedig asb jul kinders aan om gebedsgeleenthede wat die CSV by die skool aanbied, asook alle CSV-geleenthede by te woon. Stel asb die voorbeeld om biddende gesinne te wees! Gebed is die asemhaling van 'n kind van die Here wat in 'n lewendige verhouding met sy Hemelse Vader staan! Word ook deel van gebedsgeleenthede by jou kerk en die omgewing!

Anton Ferreira (082 495 5968 / anton@ngkosi.co.za)